## Inleidende notas

Dispuut tussen Israel & Palestyne = een vd langs-lopende konflikte i/d wêreld
en moontlik die mees onoplosbare.

As die Balfour-verklaring v 1917 as vertrekpunt geneem waar Brittanje onderneem het om 'n Joodse staat in Palestina te vestig = dit 100jr +
T.s.v. talle diplomatieke pogings en jare v vredesonderhandelinge.
bly die Israeliese Palestynse konflik hardnekkig onopgelos
met intense vyandigheid aan albei kante.

In plaas daarvan om te probeer om die konflik in al sy kompleksiteit te verstaan,
is daar 'n algemene neiging om kant te kies – kontraproduktief.

Kies dus nie kant nie.

Waarskynlik onmoontlik om Israel-Palestynse (IP) konflik heeltemal objektief te beskou,
kyk onvermydelik met lens vanuit eie agtergrond, oortuigings en vooroordele

Lang geskiedenis wat huidige konflik voorafgegaan het, ontbreek dikwels in mediaberigte en kommentaar oor konflik;
gevolglik fokus meeste mense net op die konflik en te min op die oorsprong en geskiedenis daarvan.

Twee kante van dieselfde munt – vermy om "blame game" te speel

IP konflik – tragedie– nie 'n saak tussen reg en reg nie
Fundamenteel 'n botsing tussen verkeerd en verkeerd.

[*1 min 14 sek. Videoclip on Youtube:* *Before and after drone videos show a devastated Gaza | REUTERS* *[**Press Ctrl+Click to follow**.*Wys Gaza Stad, Khan Yunis an Rafah voor en na die Israelse bombardering.]

Op 7 Oktober 2023 het Hamas 'n brutale terreuraanval op Israel geloods,
byna 1 200 Israeli's doodgemaak en 253 gyselaars geneem
– massiewe Israeliese militêre reaksie ontketen.[1]

Die omvang v/d aanval en doelbewuste moord op vroue, kinders en ou mense
= grootste eendagverlies van Joodse lewens sedert die Holocaust
Die wrede aard van die moorde,
sowel as massaseksuele geweld ( lg. aangedik deur media? min bewyse)
druis in teen alle beginsels van die Internas. reg.

In eerste dae – 'n groot deel vd wêreld verenig in hul steun aan Israel
het hulle barbaarse dade van Hamas veroordeel.

Hierdie steun het egter geleidelik afgeneem
namate die intensiteit van die Israeliese reaksie toegeneem het

Van die begin van die Gaza-oorlog op 7 Okt. 2023 toe oorlog begin het
tot 14 Okt. 2025 waar 'n wapenstilstand deur Donald Trump bewerkstellig is)
was die dodetal: Israeli's in Gasa 2000, maar Palestyne 72 000
= gelykstaande aan 1 uit elke 31 inwoners v Gaza, uit 'n bevolking van 2.3 milj. mense.

Reeds teen einde 2024 vra invloedryke wêreldlande
vir 'n humanitêre skietstilstand in Gasa.

---

[1] Werk oor alg. met breë, ronde syfers om tendense aan te dui, behalwe vir 'n spesifieke rede – in dié geval van die getal gyselaars.

Teen Aug. 2025 het die druk op Israel vir 'n skietstilstand d.m.v. VN-resolusies en ander vorme van diplomatieke druk
wêreldwyd uitgekring n.a.v. 'n IPC-verslag oor katastrofiese verhongering in Gaza[2].
Vlgs. d voedingskrisisverslag – Gaza teen Aug 2025, reeds 'n graad-5-krisisvlak bereik waar 3 kritiese drempels v/d voedingskrisis oorgesteek is,
nl. ekstreme voedseltekort, akute wanvoeding en sterftes weens verhongering.

Sentraal tot d vraagstuk is egter veral ook – hoë sterftesyfer van vroue en kinders. Die beste beskikbare bewyse uit geverifieerde bronne toon dat vroue en kinders ' n duidelike meerderheid van Palestynse sterftes in die Gaza-oorlog uitgemaak het, en oor die twee jaar konsekwent volwasse mans oortref het.[3]

Selfs die laagste geloofwaardige skatting toon dat vroue en kinders teen 'n hoër tempo sterf as volwasse mans.

Ten spyte van metodologiese verskille en tye van opname
bevestig elke onafhanklike ontleding dat vroue en kinders die meerderheid van die dooies uitmaak.
Draai i/d omgewing 45-40% mans; 55-60% – vroue en kinders afhangende van die tyd van opname.

Geboue : Israel se Verdedigingsmagtewoordvoerder, Daniel Hagari, oor bombardemente v Noord-Gasa:
"*Die doel van die aanvalle is nie om akkuraat te wees nie,*
*maar om maksimum skade aan te rig*".

Teenstrydigheid tussen verklaarde oogmerke in Israel se Verdedigingsmagte( IVM) se Etiese Kode en d werklikheid vd oorlog.

Kyk na twee kernbeginsels van IVM se Etiese Kode

1. Verdediging van die Staat, Sy Burgers & Inwoners.
IVM se primêre missie is om Israel se bestaan, onafhanklikheid en veiligheid te beskerm.

3. Handhawing van Menswaardigheid. Soldate moet menswaardigheid in alle omstandigheid handhaaf en bewaar,

Hierdie twee beginsels is ontwerp om militêre noodsaaklikheid met morele verantwoordelikheid te balanseer.

Om waardigheid te bewaar vereis:

1. Gebruik slegs geweld wanneer dit nodig is.

2. Gebruik die minimum mag wat nodig is om 'n wettige militêre doelwit te bereik.

Dis 'n regsverpligting ingevolge internas. humanitêre reg, en 'n strategiese noodsaaklikheid vir legitimiteit – IVM het sy eie kode oortree.

Het die Israeliese offensief in Gaza die beginsel van proporsionaliteit oortree?

---

[2] Die IPC is 'n metodies-eksakte metingsinstrument o.l.v. 'n span sosiaal-wetenskaplikes vir d klassifisering en assessering van die graad van voedselsekuriteit in oorloggeteisterde lande en word alg, beskou as d goudstandaard vir die meting van voedselsekuriteit.

[3] Vgl. veral OHCHR (Office of the High Commissioner for Human Rights) – VN-entiteit verantwoordelik vir die beskerming en bevordering van menseregte, asook die geverifieerde Gaza sterfte-opname van Lancet 2026.

Die leerstelling v proporsionaliteit het sy oorsprong i/d Den Haagse Konvensies van 1907 wat die reëls vir oorlogsvoering bepaal,
en waarna ook indirek na verwys word i/d 1977-protokolle van die Geneefse Konvensies.

Ingevolge die leerstelling word 'n staat wettiglik toegelaat om homself eensydig te verdedig en 'n onreg reg te stel,
mits die reaksie eweredig is tot die benadeling wat gely is.
Die reaksie moet ook onmiddellik en noodsaaklik wees,
nie burgerlikes mag nie geteiken word nie en slegs genoeg mag gebruik word
om die *status quo ante*, dit wil sê die stand van sake voor die gebeurtenis, te herstel.

Baie regskenners sê Israel se reaksie op die Hamas-aanval
het nie die beginsel van proporsionaliteit gehandhaaf nie
en oortree internasionale humanitêre reg.

Elke nasie het die reg om sy burgers te verdedig,
maar dit moet 'n aanval proporsioneel tot die dreigement en behoefte wees
sonder om onnodige lyding vir burgerlikes te veroorsaak.

Daar is egter 'n bepaalde konteks waarbinne hierdie gebeure afgespeel het
nie ter regverdiging nie, maar vir beter begrip.
Israel se voorwaardes: elkeen van die 253 gyselaars moet lewend uitgelewer word,
Israel se oogmerk: Hamas se 30 000 lede uitwis en herstel v.gesonde regering in Gaza.

Hamas se magspel: gebruik burgerlikes, vroue en kinders as skild:
stoor wapens en kruip weg in 400 km. netwerk van tonnels onder hospitale en skole.
In Israel-Hamas-oorlog van 2006 is 'n korporaal in die IDF, Gilad Shalit gevange geneem
en as gyselaar aangehou tot 2011 in ruil vir 1027 Palestynse gevangenes.

280 – gevangenes het lewenslange vonnisse uitgedien vir die beplanning en uitvoering van aanvalle op Israeliese teikens.
Baie het by Hamas aangesluit, 40 is weer gevange geneem vir terroristedade.
*Yahya Sinwar*, een v/d vrygelatenes – meesterbrein agter die aanval v. 7 Okt. 2023.

**Die begin van die konflik**

Ongeveer driekwart v/d wêreld se Joodse bevolking het i/d vroeë 20ste eeu
in Oos-Europa gewoon, – streek wat grootliks onder beheer van die Russiese Ryk en die Oostenryk-Hongaarse (Ottomaanse) Ryk was tot aan die einde v. WO I

Tussen 1870 en die vroeë 1920's het byna 3 miljoen Jode Oos-Europa verlaat;
meer as twee miljoen het na die Verenigde State geëmigreer,
wat die karakter van die Amerikaanse Jodedom ingrypend verander het.

Joodse migrasie is gedryf deur 'n kombinasie van *push*- en *pull*-faktore.
Die primêre dryfkragte was armoede, pogroms en vervolging in hul tuislande.
Die hoofaantrekkingskrag was ekonomiese geleenthede, veral in die Verenigde State.

'Klein minderheid – egter gemotiveer deur meer idealistiese doelwitte.
I.p.v. – slegs sekuriteit en voorspoed te soek, gestreef om meer outentieke Joodse lewens in die Land Israel te lei en hulself as Jode te herontdek.

1904 tot 1914 – ongeveer 40 000 sulke immigrante
– sekulêr, sosialisties en vurig Sionisties – in Palestina aangekom.
Baie van Israel se vroeë leiers, insluitend David Ben Gurion, – uit h/d groep afkomstig.

Sionisme kan gedefinieer word as 'n subgroep van Joodse nasionalisme gebaseer op 4 fundamentele aansprake:

1. Jode vorm 'n nasie.
2. Alle nasies het die reg op nasionale selfbeskikking (d.w.s., om hulself te regeer).
3. Jode moet hul reg op nasionale selfbeskikking in die Land van Israel, hul historiese vaderland, uitoefen.
4. Om dit te bereik, moet Jode wat in die diaspora woon, massaal terugkeer na die Land van Israel.

T.s.v. die werklikheid dat 'n ander bevolking reeds in h/d gebied gewoon het,
het Sioniste aangevoer – Jode ook geregtig om daar te woon
omdat dit hul oorspronklike tuisland was waaruit hulle verdryf is,
– nooit opgehou om daarheen te wil terugkeer nie.

Om Jode 'n eie staat te gee, is gesien as
doeltreffendste reaksie op volgehoue antisemitisme in Europa.

Vir baie Jode vandag het "Sion" en "Sionisme,"
ondersteuning vir Israel se voortbestaan as 'n Joodse staat beteken.

**Die Balfour-verklaring na Wêreldoorlog I**

Brittanje se mees betekenisvolle bydrae tot die opkomende Arabies-Joodse konflik
was die Balfour-verklaring van 2 November 1917:

> *"Sy Majesteit se Regering beskou met gunstigheid die stigting van 'n nasionale tuiste vir die Joodse volk in Palestina, en sal hul beste pogings aanwend om die bereiking van hierdie doel te fasiliteer, aangesien dit duidelik verstaan word dat niks gedoen sal word wat die burgerlike en godsdienstige regte van bestaande nie-Joodse gemeenskappe in Palestina, kan benadeel nie."*

Hierdie verklaring deur die wêreld se magtigste staat destyds,
was in wese kolonialistiese goedkeuring van Sionisme.

Dit het die idee van 'n Joodse tuisland in Palestina van 'n vae aspirasie
na 'n realistiese politieke moontlikheid verander.

Dit het egter die Palestyne wat destyds in Palestina gebly het, ontstel.
Uit 'n bevolking van 700 000+ was 94% Arabiese Palestyne en 6% Jode.

1917 breek 'n revolusie uit teen Br. Weermag

Britse weermag het hard teruggeslaan.
Die Palestyne –swaar verliese gelei –Jerusalem prysgegee in die oorlog

**Brittanje se Mandaat in Palestina**

Na WO I het die Volkebond aan Brittanje die mandaat gegee om Palestina te regeer.
Die uitdaging was dat Arabiere die oorweldigende meerderheid van die bevolking
uitgemaak het en sterk teen beide die Mandaat en die Balfour-verklaring was.
Palestyne – ontwikkelings 'n verraad van Brittanje se oorlogsbeloftes
om 'n onafhanklike Arabiese staat te ondersteun
in ruil vir die Arabiese opstand teen die Ottomaanse Ryk.

Arabiese nasionaliste – diep teleurgesteld oor Brittanje se versuim om verbintenis tot Arabiese onafhanklikheid na te kom.
Brittanje - probeer om 'n politieke stelsel te skep waarin Arabiere en Jode mag sou deel,

egter onmoontlik om verpligtinge teenoor beide die Sionistiese beweging
en oorwegend Arabiese plaaslike bevolking te versoen.

Terwyl die Ottomaanse owerhede oor die algemeen Joodse immigrasie en grondaankope beperk het, h/d Britte in ooreenstemming m/d Balfour-verklaring albei toegelaat.
As gevolg hiervan – byna 250 000 Jode, (baie wat vervolging in Pole, Duitsland en Oostenryk ontvlug het) in die dekade vóór WO II in Palestina aangekom.

**Arabiese Weerstand teen Sionistiese nedersetting en Britse Bewind**

Arabiese teenstand teen Britse steun aan Sionistiese nedersetting het uitgeloop op 'n massa-opstand bekend as die *Groot Opstand* (1936–1939).

Britte het die nasionalistiese opstand met geweld onderdruk deur massa-arrestasies, marteling, teregstellings en die afbreek van huise met die hulp van Israeliese milisies.

Dit was 'n keerpunt in die geskiedenis vd Palestyne en die geskiedenis Israelies-Palestynse konflik,
en meer algemeen 'n "volwassenwording" vir Palestynse nasionalisme
en vir georganiseerde gewapende weerstand teen Sionisme.
Enige skraal hoop op Arabies-Joodse toenadering het verlore gegaan i/d bloedvergieting van h/d jare namate vyandigheid aan albei kante verhard het.

**Die VN-plan vir die verdeling van Palestina**

Brittanje het reeds voor die beëindiging van WO II,probeer om sy swaar imperiale verantwoordelikhede af te skud, en die nuutgestigte Verenigde Nasies het Palestina-kwessie geërf.

Die VN het SPESCOP (Special Committee for Palestine)
saamgestel-met verteenw. van 11 lande om 'n verdelingsplan vir Israel saam te stel
wat ongeveer 56% van die grondgebied aan 'n Joodse staat toegewys het
ten spyte daarvan dat Jode slegs 'n ⅓ v/d bevolking uitgemaak het.
(Teen 1948 – ongeveer 600 000 Jode en 1,2 miljoen Arabiere).

Die toewysing het aanvaar dat ongeveer 250 000 Joodse vlugtelinge en ontheemdes
in Europa in d nuwe Joodse staat hervestig sou word.

Ingevolge Alg Vergadering-resolusie 181 van 1947 sou Jerusalem onder neutrale internasionale bestuur geplaas word, onder toesig van VN.
– 'n poging om vrede te bewaar tussen Palestyne, Christene en Jode
en gelyke toegang te bied vir kultureel en godsdienstige plekke wat vir hul belangrik is.

Die uitbreek v/d oorlog en die verdeling van Palestina daarvolgens
het beteken dat plan nooit geïmplementeer is nie.
Bly steeds een v/d mees kontensieuse kwessies i/d IP-konlik.

Sioniste het vergadering bygewoon; Palestynse het dit geboikot
Palestynse Arabiere het plan verwerp en aangevoer dat dit
*ondemokraties* was (aangesien die meerderheid daarteen was),
*onwettig* was (in stryd met die beginsel van nasionale selfbeskikking),
onregverdig was (aangesien hulle geglo het die hele gebied is regmatig aan hulle gegee.
VN geen gesag het om dit te verdeel nie).
Hulle het ook daarop aangedring dat hulle nie die gevolge van misdade wat deur ander teen Europese Jode gepleeg is (bv. die Holocaust), moes dra nie.

Die pas gestigte Arabiese Liga het die VN-verdelingsplan verwerp.
Sy Sekr-Genl– openlik met 'n "uitwissingsoorlog"
teen die voorgestelde Joodse staat gedreig.

**Die 1948 Onafhanklikheidsoorlog van Israel**

Sedert Israel se stigting in 1948 tot vandag toe,
het sy veiligheids- en militêre magte voortdurend teen verskeie Arabiese magte, insluitend nie-staatlike militante groepe, geveg.

Veral twee van hierdie oorloë wat die verhoudinge tussen Palestyne en Israel steeds beïnvloed tot vandag toe en waaruit al die ander konflikte voortvloei:
(i) die 1948-Onafhanklikheidsoorlog en (ii) die 1967-Sesdae-oorlog.

Onmiddellike gevolg v Brittanje se onttrekking uit Palestina en beëindiging van sy Mandaat: Jode skep staat v Israel in Palestina, 'n dag na beëindiging v Britse Mandaat.

Gevolg: Egipte, Jordanië, Sirië, Libanon en Irak val Israel aan.

Gevolge van 1948-oorlog duur tot vandag toe voort, en enige poging om vrede tussen Israel en die Palestyne te maak, kan nie vermy om dit aan te spreek nie.
Daar sou geen Israel gewees het as dit d oorlog verloor het nie;
dit is hoekom Israeliese Jode dit as "Onafhanklikheidsoorlog" vier.
Wat 'n groot triomf vir Israel was, was 'n kolossale tragedie vir Palestyne – die *Nakba* (katastrofe).

Jordanië het d oostelike helfte v Jerusalem beset en toe geannekseer, insluitend d Ou Stad, en d gebied wat as Wesoewer bekend geword het (Samaria & Judea)
omdat dit a/d westekant v/d Jordaanrivier gelê het.
Egipte – strook grond langs die suidkus rondom die stad Gaza beset –d Gaza-strook.
Die Palestynse staat wat i/d VN se Verdelingsplan beoog is – nooit tot stand gekom nie.
Israel het 'n groter stuk grondgebied beset na die oorlog
as wat oorspronklike VN-plan aan hul toegeken het – *de facto* staat v Israel geword.

*[Sien vergelykende kaarte op volgende bladsy]*

Die Palestyne is effektief van hul vaderland ontneem.
Hul hoop op nasionale selfbeskikking en staatskap is verpletter.
Hulle het nou onder buitelandse bewind gestaan –Israel, Jordanië en Egipte –
waarvan géén een v hulle Palestynse politieke onafhanklikheid ondersteun het nie.
Die Palestyne wat burgers van Israel geword het – aanvanklik sowat 150 000 –
het hulself as 'n minderheid in 'n selfverklaarde Joodse staat bevind.

Na d oorlog h/d konflik een geword tussen die Staat Israel en 'n staatlose, verspreide volk wie se nasionale bestaan in twyfel getrek is.
In die twee dekades na die oorlog v 1947–1949 is die Israel-Palestynse konflik oorskadu deur breër interstaatlike konflik tussen Israel en sy Arabiese bure.
H/d interstaatlike konflik het d middelpunt v aandag geword
– 'n fokuspunt van streek- en wêreldwye aandag.

In 1949 het VN UNWRA (*United Nations Relief en Works Agency*) in die lewe geroep om voedsel, skuiling en mediese dienste te bied

vir ontwortelde Palestynse vlugtelinge na die 1948-oorlog.
Vir Israel was dit en is UNWRA steeds – 'n doring i/d vlees.
Veral omdat Hamas-lede daarop gedien het i/d 2023-2025 oorlog
word dit beskou as 'n pro-Palestynse organisasie.




.

**Kwessie v Palestynse vlugtelinge**

Van al die fel betwiste kwessies i/d IP-konflik
is kwessie v Palestynse vlugtelinge sentraal tot d botsende nasionale narratiewe
en sny dit tot d hart v kollektiewe identiteite.

Nie net het Palestyne staatloos gebly nie,
maar ongeveer d helfte van hulle het tydens die oorlog vlugtelinge geword
– tussen 600 000 en 750 000 uit 'n totale bevolking v ongeveer 1,3 miljoen.

Die meeste vlugtelinge het uiteindelik i/d Wesoewer (Jordanië) en Gazastrook beland,
tydelike in tentkampe gehuisves wat sedertdien oorvol plakkerskampe geword het.
Baie ander het na Sirië en Libanon gevlug, terwyl ander oor Midde-Ooste versprei het.

Die vlugtelingprobleem het oor die jare geweldig gegroei,
aangesien oorspronklike sowat 700 000 vlugtelinge – 5 of 6 geslagte afstammelinge het,

wat ook as vlugtelinge gedefinieer word volgens die kriteria van die VNse Hulp- en Werksagentskap (UNRWA).

Die verantwoordelikheid vir h/d langdurige en groeiende probleem, en wat daaraan gedoen moet word– of Palestynse vlugtelinge geregtig is om na Israel terug te keer of elders hervestig moet word –
het een v/d mees kontroversiële kwessies vd IP-konflik geword
en bly een vd grootste struikelblokke om dit te beëindig.

Diametraal teenoorgestelde verduidelikings waarom ongeveer 700 000 Palestyne tydens die 1948-oorlog vlugtelinge geword het.
Palestyne en hul ondersteuners dring daarop aan dat d vlugtelinge
gewelddadig deur Sionistiese en later Israeliese gewapende magte verdryf is,
in 'n sentraal georganiseerde veldtog v "etniese suiwering."

Volgens die tradisionele hoofstroom Israeliese verklaring – Palestyne gevlug of gekies om te vertrek omdat hulle aangemoedig, selfs beveel is, om dit te doen
deur hul eie leiers en dié v Arabiese state.
Hulle sou vrywillig vertrek het, met d verwagting om terug te keer
nadat d Jode verslaan of verdryf is.
Die Israeliese narratief beweer ook dit was die Palestyne se eie skuld
dat hulle vlugtelinge geword het
omdat hulle d VN se Verdelingsplan verwerp het en d burgeroorlog begin het.

Die meeste van h/d mededingende argumente = eensydig en tendensieus.

In die tagtigerjare is baie materiaal in Israeliese staatsargiewe gedeklassifiseer.
Argiefnavorsing in Israel se argiewe deur onlangse Israeli revisionistiese historici
i/d tagtiger jare – veral Benny Morris, Avi Shlaim en Ilan Papé –
tradisionele, staatsgesanksioneerde Sioniste-weergawe v/d ontstaan van Israel weerlê.

Baie Palestyne in werklikheid gewelddadig deur Sionistiese en Israeliese troepe verdryf,
net soos die Palestynse narratief volhou.

Op instruksie v David Ben Gurion het d plaaslike IDF-bevelvoerder, Yitzhak Rabin,
50 000 tot 70 000 Palestynse inwoners van Lydda verdryf.
Sommige per bus; ander te voet in wat bekend geword het as die "Lydda Doodsmars."

Vandag het Lydda naby Tel Aviv, 'n nuwe Joodse naam: LOD.
Meer as 500 dorpe, platgevee of ontvolk; huise en eiendomme deur Jode toegeëien
– dorpe het nuwe Hebreeuse name gekry.

Morris dring daarop aan – geen meesterplan om alle Palestyne te verdryf nie;
as dit was, voer hy aan, sou baie min, indien enige Palestyne binne Israel gebly het.

Of dit vooraf beplan was of nie, – uitsetting v Palestynse burgers
deur Sionistiese en Israeliese magte – 'n oorlogsmisdaad volgens internasionale reg.

Beide kante het verskeie ander oorlogsmisdade gepleeg, soos d moord op burgers,
verkragting v vroue en teregstelling v krygsgevangenes.
Jode het meer gruweldade gepleeg as Arabiere
bloot omdat hulle meer geleenthede gehad het,
Hulle was die oorheersende militêre mag en het meer grondgebied verower.

Die meeste Palestyne is nie uitgewis nie,
maar het uit vrees en paniek gevlug.
Israel se leierskap en amptelike regeringsbeleid het d terugkeer van vlugtelinge
egter verbied en dit met geweld verhinder.

**Die Impak van die Holocaust op die ontstaan van Israel**

Na nederlaag van Nazi-Duitsland – wêreld kennis geneem v volle omvang v/d Holocaust: twee derdes vd Europese Jodedom—ongeveer 6 milj. mense—sistematies vermoor.
Die Holocaust het Sionistiese argument = kragtig versterk dat Jode 'n eie staat nodig het om hulle teen eksistensiële bedreigings te beskerm.
Amerikaanse openbare mening, diep geraak deur h/d onthullings.
VSA se buitelandse beleid sterk beïnvloed –
Israel het 'n kragtige bondgenoot in veral invloedryke Joodse drukgroepe verkry.

Die Holocaust het ook Israeliese samelewing,
kultuur en nasionale identiteit diepliggend beïnvloed.
Kollektiewe geheue v Holocaust het sentraal tot Israel se etos geword
Beïnvloed hoe Israeliese Jode hulself en ander beskou.
H/d trauma het bygedra tot verhoogde bedreigingspersepsies,
wat Israel se buitelandse beleid, veiligheidsopvattings
en selfs d gedrag vd Israeliese Weermag gevorm het.

**Die Sesdae-oorlog van 1967**




Junie 1967 – In ’n voorsprongsaksie teen ’n beplande aanval deur Arabiese lande
behaal Israel een vd vinnigste en mees beslissende oorwinnings
i/d moderne militêre geskiedenis.
Dit het Gasa-strook en d Sinai-woestyn v Egipte,
Wesoewer en Oos-Jerusalem v Jordanië
en d Golanhoogte v Sirië verower.

Na slegs 6 dae v gevegte het d VN 'n wapenstilstand bemiddel.

Israel se verowering van h/d gebiede
het hoeveelheid grondgebied onder sy beheer meer as verdriedubbel.
– 'n dramatiese verskuiwing i/d streeksmagbalans teweeggebring.

Die oorlog was 'n keerpunt wat Israeliese en Palestynse politiek getransformeer het .
Dit het verloop v beide die Arabies–Israeliese en IP- konflikte verander.

Op lang termyn – oorlog 'n matigende impak gehad
Dit het Arabiese leiers oortuig dat Israel te sterk was om militêr vernietig te word
Hulle sou moes leer om daarmee saam te leef.

Voor oorlog – Arabiese state min aansporing om vrede met Israel te maak.
Na die oorlog het hulle dit gedoen
– Israel het waardevolle onderhandelingsvoordeel bekom: kon grond ruil vir vrede.

"Land vir vrede"-formule –basis vir daaropvolgende Arabies-Israeliese vredespogings.
Anwar Sadat, Nasser se opvolger as pres. van Egipte, in staat gestel
om in 1979 'n baanbreker-vredesooreenkoms met Israel te onderteken.
Ook uiteindelik gelei tot die Jordaans-Israeliese vredesooreenkoms in 1994.
Oslo-ooreenkomste tussen Israel en die Palestynse Bevrydingsorganisasie (PLO)
in 1994's – as ook gebaseer op die "land vir vrede"-formule.

Sowat 200 000 Palestyne vd verowerde Wesoewer, vlug na Jordanië.
–ongeveer ⅔ vd bevolking insluitende vlugtelinge = Palestyns
word PLO- basis vir toenemende guerrilla-aanvalle teen Israel
Israel se militêre vergeldings – koning Hussein v Jordanië genoop om teen PLO op te tree
– 'n kort maar bloedige burgeroorlog waarin Jordaniese leër
duisende Palestyne (militante en burgers) doodgemaak het.
PLO na Libanon verdryf – nuwe Palestynse hoofkwartier in Beiroet.

Die Eerste Libanonoorlog (1982) en die Tweede Libanonoorlog (2006)
soos in Jordanië nie volskaalse Arabies-Israeliese oorloë nie.

Oorloë ná 1967 verskil in twee 2 belangrike opsigte:

1. *Bilateraal, nie multilateraal nie*
   Israel teen 'n enkele teenstander eerder as 'n koalisie van Arabiese state.
   Bied Israel 'n beslissende militêre voordeel –
   Verklaar, eensydige slagoffersyfer ten gunste v Israel

2. *Israel se teenstanders was nie state nie* – hoofsaaklik Hezbollah en Hamas
   Militêr het Arabiese state hul effektief uit konflik onttrek,
   *Egipte en Jordanië*—vrede met Israel gemaak.
   Arabies–Israeliese oorloë dus nie meer tussenstaatlike oorloë nie,
   maar *asimmetriese* oorloë tussen Israel en nie-staatsakteurs
   wat guerrilla-oorlogvoering en terrorisme gebruik
   en as Proxy- of plaasvervangermagte vir Iran optree.
   Bied militêre voordeel aan Netanyahu-administrasie om met aggressie op te tree.
   In 2023-2025 Gaza-oorlog het Hezbollah onophoudelik vuurpyle op Israel afgevuur
   Eers na Gaza geneutraliseer is – het Israel aanval op Hezbollah in Libanon geloods.

**Pogings ter beslegting van die IP-konflik**

Teoreties slegs 2 moontlike wyses om impasse te oorbrug en tot 'n skikking te kom:
enkelstaat- of tweestaatoplossing met effe variasie op laasgenoemde.

**Is 'n eenstaatoplossing moontlik?**

In die 1920's, het die Britse administrasie in Palestina probeer
om 'n eenstaatoplossing te bevorder deur magsdeling
tussen die Arabiese meerderheid en die Joodse minderheid.

Klein minderheid voorstanders onder Palestyne t.g.v. 'n eenstaatoplossing.
as enigste oorblywende oplossing – hoop verloor op vestiging
van lewensvatbare, aaneenlopende en soewereine Palestynse staat naas Israel.

Bereid om nuttelose stryd vir nas. selfbeskikking prys te gee
vir strategiese oorskakeling na 'n stryd vir gelyke burgerskap in Israel

Tot onlangs het enkele intellektueles en akademici gepleit vir 'n eenstaatoplossing
vir konflikbeslegting – meeste beskou dit egter as utopies en ondoenbaar.

*Suksesvolle eenstaatoplossing veronderstel*:
volle burgerskap, gelyke regte en demokratiese verteenwoordiging
aan almal wat onder Israeliese soewereiniteit leef.
*Voordeel:* Israeli's en Palestyne sal nie Jerusalem hoef te verdeel nie,
grens-afbakening en baie v/d komplekse kwessies
wat onderhandelinge vir 'n tweestaatoplossing bemoeilik, sal wegval.
Moet net basiese demokratiese beginsels van een persoon een stem aanvaar.

Al klink d bereiking van 'n eenstaatoplossing in teorie, relatief eenvoudig en haalbaar, —
onwaarskynlik dat óf Joodse óf Palestynse inwoners v Israel
ooit 'n eenstaatoplossing sal ondersteun.

Leiers v geen groep ondersteun dit nie.
Joodse regses glo regte en veiligheid sal op lang duur
afhang vd wil van 'n Palestynse meerderheid,
gegewe lg. se hoë geboortesyfers.

Palestyne i/d Wesoewer sal nooit instem om in 'n groter Israel te leef
Permanente, tweedeklasburgerskap hul voorland
solank Israel veg teen Palestynse identiteit en narratief:
– eksklusiewe regte vir Joodse burgers –bewegingsvryheid, werkreservering
Palestyne – benodig permitte om in sekere areas te beweeg,
herinstel vir doodstraf vir slegs Palestynse burgers (2026), ens.

Met Israel se stadig toenemende de facto anneksasie vd Wesoewer,
is Palestyne reeds op 'n glybaan na 'n eenstaat-uitkoms
–Joodse minderheid wat oor 'n grootliks polities onteiende
Palestynse meerderheid regeer.

Status quo in Israel op lang termyn
nie moreel aanvaarbaar of polities houdbaar nie .

Om vir onbepaalde tyd 'n militêre besetting te bly handhaaf
wat miljoene Palestyne hul gelyke burgerregte ontken en dikwels skend,
= teenstrydig met demokratiese beginsels en waardes.
Net soos in SA destyds – polities onhoudbaar en onhaalbaar.

Twee jaar lange Gaza-oorlog het geloof in 'n werkbare demokratiese eenstaatoplossing
haas onmoontlik gemaak.
Israel toenemend geïsoleer en gekritiseer – besig om muishond v/d wêreld te word

**Is 'n aparte staat soos Palestina lewensvatbaar, gegewe sy geopolitieke omstandighede?**

Skepping van die Palestynse staat, naas Israel – lankal beskou as beste
en moontlik enigste manier om IP-konflik vreedsaam op te los.
Die Britse regering – reeds in 1937 voorgestel – verdeel Palestina in 2 aparte state –
een vir Jode en die ander vir Palestynse Arabiere.
In 1947 het VN t.g.v. verdeling v Palestina gestem en verdelingsplan voorgelê.

*Tans:* 157 uit 193 VN-lidlande erken amptelik naas Israel, staat v Palestina.
Palestina sedert 2012 waarnemerstatus by VN
Palestina bestaan egter slegs op papier, nie in praktyk nie

In beginsel sou 'n Palestynse staat bestaande uit die Wesoewer en Gaza
lewensvatbaar wees – maar net as sommige moeilike probleme aangespreek word.

Met 'n grondoppervlak van 6 000 km$^2$)
maak Gaza en die Wesoewer saam rofweg een kwart van landmassa v Israel uit.
Dit is klein, maar nie absurd – kleiner lewensvatbare state (bv. Singapoer, Bahrein).

Met toegang tot sy eie grense, lugruimte, kuslyn (Gaza)
en natuurlike hulpbronne (veral water en grond in die Wesoewer),
sou 'n Palestynse staat in beginsel ekonomies lewensvatbaar wees.

Breë konsensus ten gunste van 'n tweestaatoplossing,
neem egter af namate twyfel oor uitvoerbaarheid daarvan groei:

Om 'n werklikheid te word en Palestyne werklike soewereiniteit te gee,
moet Israel vrywillig afstand doen v sy direkte of indirekte beheer
oor meeste van Wesoewer, Oos-Jerusalem en Gaza-strook.

Vir nasionalistiese Palestynse groepe is skepping v 'n aparte Palestynse staat
– 'n ononderhandelbare voorvereiste vir 'n vredeskikkingsooreenkoms met Israel.

Met Israel se onttrekking uit Gaza in 2006
– moes meer as 40 000 Israeliese soldate teen sowat $3 miljard
8000 setlaars uit Gaza te verwyder.

Met 700 000 setlaars in die Wesoewer, wat steeds onverpoosd toeneem
sal Israel minstens 85 keer soveel setlaars uit die Wesoewer moet ontruim,
– 'n gebied met veel groter Joodse godsdienstige & kulturele betekenis as Gaza.

Donald Trump se oënskynlik onvoorwaardelike steun aan Israel en Netanyahu
– skep min aansporing vir vredesonderhandelinge

In 18 jaar wat Netanyahu aan bewind is, het VSA-geïnisieerde vredespogings
onder die Clinton-, Obama- en Biden-administrasies
min steun v/d Israelse regering gekry om enige groot konsessies te maak.

Hamas en Hezbollah sien die Israel- Palestynse konflik as deel van 'n breër,
eeue-oue godsdienstige stryd tussen Moslems en Jode,
Doel om d.m.v. gewelddadige *jihad,* Israeli's te vermoor en die Joodse staat te vernietig
wat sg. heilige Islamitiese grond beset.

**As geen van die twee maniere moontlik lyk nie, is daar 'n ander pad vorentoe?**

'n Paar alternatiewe voorstelle vir die konvensionele tweestaat- en eenstaatoplossings
in die afgelope jare voorgestel
wat elemente van beide enkelstaat- en 2-staatvoorstelle kombineer.

Dit voorsien 2 soewereine state, Israel en Palestina,
wat deel is van 'n *konfederasie* (soos die lidstate van die Europese Unie).
Gesamentlike bestuur in sekere areas
(bestuur v omgewing en gedeelde natuurlike hulpbronne soos water)
en uitgebreide samewerking oor sekere kwessies v wedersydse belang
soos veiligheid en ekonomiese sake.

Dit voorsien ook – verenigde Jerusalem as gedeelde hoofstad v albei state,
met munisipale sake wat bestuur word deur gesamentlike IP-administrasie
saam met godsdienstige owerhede & internas. liggame
om toegang vir almal te waarborg.

Konfederale benadering tot die oplossing van die konflik
deels 'n opgedateerde weergawe van een- en tweestaatoplossing.
Maar in plaas daarvan om skeiding te soek, bevorder 'n konfederale benadering
interaksie en integrasie deur wedersydse ooreenkoms.

Werklikheid op die grond lyk egter bleek.
Gaza is ongeveer 41 km lank, gemiddeld 10 km breed, met smalste gedeelte 5 km en 13 km. op sy breedste.
Met 'n grootte van ongeveer 365 vk. km – kleiner as meeste groot wêreldstede:
Kaapstad metro – 6.7 keer groter as Gaza; Johannesburg metro 4.5 keer
en London stad ook meer as 4 keer groter as Gaza

In h/d beknopte ruimte waarvan infrastruktuur bykans volledig verwoes is,
woon ongeveer 3.5 milj. mense wat tans sonder 'n behoorlike heenkome is.

Israel lewensomstandighede v Palestyne moet verbeter
– beëindiging v voortgesette blokkade van Gaza,
Saam met internas. gemeenskap, belê in heropbou van Gaza;
skep van 'n seehawe vir Gaza, ontsoutingsaanlegte,
'n gaspyplyn & gesonde handelsverkeer.

Van Palestynse kant – ordelike regering in Gaza en Wesoewer, behoorlike verkiesings,
erkenning van die politieke legitimiteit van die Jode se reg op 'n eie staat.
Eweseer as die Jode se erkenning vd Palestyne se legitieme reg
op vestiging van eie soewereine staat naas dié v Israel
deur afstanddoening vd Wesoewer
en erkenning vd grense soos vasgestel voor die 1967-oorlog.

Geen blywende vredeskikking kan bewerkstellig word tussen Jode & Palestyne
wanneer een groep regte en vryhede vir hulself opeis ten koste vd teenparty nie.

Vreedsame naasbestaan met waardigheid en sekuriteit kan slegs realiseer
as beide mekaar se politieke regte en vryhede wedersyds erken.

As dit nie realiseer nie, loop Israel en die Palestyne die pad
waarteen Jonathan Freedland van The Guardian gewaarsku het:

> [Israel and Palestinians] . . . *are not limited to a binary choice between the murderous theocrats of Hamas and the murderous theocrats of Israel's far right. There are good people, kind people, in both Israel and the Palestinian territories – brave souls looking to help those on the other side, amid unspeakable tragedy, and together make the land they share, safe for everyone.*
>
> *Only by grounding our vision in universal humanity, the idea that every life is sacred and all people deserve our respect, can we ever figure out a way to break the cycle of violence dragging Israelis and Palestinians into hell.*